# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**Februarie 2020**
Jaargang 36 Nr 1

## 20/20 VISIE



Matteus 6.22 " Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê.

## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Visie
- 20/20 Visie –Daleen Venter
- Wat doen die Kerkraad –Tjaart Coetzee
- Visie Ouderlinge- Cornelis Van Wyk
- Ons krag en doel- Phillip du Preez
3. Nuus uit die gemeente
- Verjaarsdae
- Diaken verslag –Andries Buys
- Diaken Visie- Andries Buys
- Susters
4. Kreatiewe hoekie
- Teken Oog
5. Grapkas – Anna Scheepers
6. Feite oor die oog

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Brief van die Redaksie**

**Nuwe jaar. Nuwe dekade. Nuwe Visie.**

In hierdie uitgawe fokus ons op Visie . Ons almal het al gehoor dat die Oogarts praat van 20/20 Visie. Dit beteken ek kan op ’n afstand van 20 voet sien wat ek moet sien. Hierdie jaar se datum is perfek om hierdie ’n jaar van 20/20 Visie te maak. Vir die meeste van ons voel 2020 soos ’n vêr nommer in die toekoms wat ons gedink het nooit sou kom nie. Of wat heelwat anders sou lyk volgens die flieks se uitbeelding. Maar hier staan 2020 nou voor ons. Ons kyk terug op ’n dekade waar verandering byna daagliks geskied het. ’n Tegnologiese ontploffing. Ek dink meeste van ons sal sê dat ons dalk bietjie perspektief verloor het oor ons visie in ons eie lewe asook die van die Kerk.

Daarom is 2020 ’n fantastiese geleentheid om ons ideale, planne en fokus vir die toekoms weer bietjie onder oë te neem. Ons weet die toekoms is onvoorspelbaar en ons moet dit neersit in God se hande. Ons moet egter gereeld seker maak ons aandag word nie vasgevang deur wêreldse dinge nie, maar dat ons fokus op God is. Dit is belangrik dat ons breë riglyne en doelstellings daarstel om ons te help om gefokus te bly. Wanneer mens ’n doel het waarna toe jy werk kan jy dit opbreek in werkbare aksies.

Mag jy hierdie jaar visie van God ontvang oor Sy plan vir jou en jou gesin in hierdie dorp en in hierdie gemeente. Mag jou visie vol van God se wysheid wees en in lyn met Sy Woord.

Daleen Venter

Redaksie



# Visie

***Die vermoë om aan ’n plan vir die toekoms te dink met***

***verbeelding en wysheid***

***Spreukte 1v7***

*Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis;*

*sotte verag wysheid en tug.*



***Psalm 33 v 18***

*Kyk, die oog van die Here is op die wat Hom vrees, op die wat op Sy*

*goedertierenheid wag.*

# ***20/20 Visie***


20/20 Visie is op almal se tong. Wat 'n wonderlike voorreg dat God ons so herinner om weer ons prioriteite in orde te kry. En watter beter tyd as die begin van 'n nuwe dekade?

Soos ons almal weet verwys die Oogarts altyd na 20/20 visie en is dit die perfekte visie waarna ons almal streef. Net soos die meeste van ons nie 20/20 visie het nie staan ons Kerk ook halfblind sonder duidelike visie. Net soos nuwe uitvindsels en elemente uit die natuur en ons omgewing ons sig verswak, so het nuwe dinge en gebeure in ons Kerk ons visie kom vertroebel.

Wanneer ons na die definisie van visie kyk kry ons skielik 'n riglyn waarna toe ons moet beweeg.

Die HAT beskryf visie so: Die vermoë om aan 'n plan vir die toekoms te dink met verbeelding en wysheid. Ideale waarna gestreef word. Vermoë om te sien.

Hier is niks heldersiende ter sprake nie, maar 'n doelgerigte plan wat jou missie uiteensit.






In ons gemeente het ons baie kommissies en visies maar soos Joël Bakker sê beteken visie sonder aksie net dat ons 'n klomp dromers is. Dit help ook nie ons voer hierdie aksies uit maar ons het geen benul wat ons visie daarvoor is nie.

Enige aksie moet begin by visie. Die aksies wat daarop volg moet die visie in gedagte hê. Geen boer plant net goeds moed mielies sonder die visie wat hy daarmee wil bereik nie.

Kom ons kyk weer na die definisie. God sê in Sy Woord die volgende: Heb. 11v1 : *"Die Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons HOOP, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."*

Wanneer ons dus visie bepaal vir 'n projek moet ons ***geloof*** hê. Geloof wat gebou is uit die dinge wat ons nie gesien het nie, maar waarvan God se Woord ons vertel. Hoeveel van ons begin 'n projek met woorde soos die: "Ons kan dit maar probeer maar ek weet nie of dit gaan werk nie. Mense wil nie betrokke wees nie, mense is te besig. Mense stel nie meer belang nie ens."

Wanneer jy so begin is jy die moordenaar van die projek. Jou ongeloof maak dat niemand deel wil wees van die ongelowige spil nie. Jou ongeloof maak ander onseker en smoor passie.

Ek is nou die eerste keer 'n Hoërskool Mamma en gee toe my naam by die oueraand op dat ek sal help indien ek kan. Hier beland ek toe op 'n kommissie en ons moet vergadering hou. Erg skrikkerig want ek ken die negatiwiteit van die wat altyd al die werk moet doen. Ek ken die manier hoe sulke vergaderings altyd gaan met : " Dit is hoe baie werk ons het maar kom ons sit skouer aan die wiel." Groot is my verrassing toe ek by hierdie vergadering met aansteeklike positiwiteit begroet word. Die aanbieder maak my so opgewonde dat ek nie kan wag vir die HARDE werk nie. Verstom wonder ek toe later hoekom sy en heelwat van die Mammas wat hier betrokke is so geesdriftig is. Ek vind toe uit dat hulle almal het 'n visie. Elke een van hul weet hoekom hulle betrokke wil wees by die projekte. En nee dit is nie sodat hul

kinders hoofleiers kan word nie. Dit is diep gelowige Mammas, wat glo dat hul ’n beter toekoms vir hul eie kind maar ook vir JOU kind wat nog in Gr 1 is, kan bou. Hoe? Deur Christelike beginsels. Deur voorbeeld. Deur liefde. Deur omgee. Wanneer daar beplan word aan ’n funksie word daar saamgewerk, saamgedeel aan lief en leed. Word daar waardevolle lesse geleer. Word daar ondersteun aan laste wat swaar is. So is hierdie Mammas Jesus se hande en voete. So verander en behou hul die Christelike waardes in ons skole wat staan onder ’n ongelowige regering.

Prediker 8v1 : Wie is soos die wyse en wie weet die verklaring van die dinge? Die wysheid van ’n mens verhelder sy gesig en die hardheid van sy gesig word daardeur verander.

Prediker 8 v 1 praat daarvan dat die wyse se gesig verhelder en die hardheid verdwyn. Visie is om ’n doel te hê met wysheid. So ek kan nie anders as om te sien dat wanneer ons Visie het...dit wil sê dinge doen met ’n sekere doel in gedagte soos hierdie Hoërskool Mammas met hul verhelderde gesigte, dan verkry ons wysheid. Ons leer in hierdie proses om lief te hê om nie te oordeel, om ander te waardeer, om saam te werk. Om te bou aan ’n toekoms vir ons kinders en hul kinders. Hierdie wysheid kry ons van die heilige vrees vir God.

Nou is my vraag aan jou: Weet jy hoekom is jy in hierdie gemeente? Weet jy hoekom God jou hier geplant het? Is dit dat jy hier kan geestelike kos kry of dat jy hier ’n verskil kan maak?

Mat 6v22 sê *“Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê.”*

Sommige fluister en ander sê dit sommer prontuit dat die Kerk leegloop. Is ons liggaam donker omdat ons nie visie het nie? Is dit omdat jy nie weet hoekom jy in hierdie gemeente is nie?

Weet jy dat God net een van jou gemaak het? Dat Hy vir jou spesiale gawes en talente gegee het. Dat Hy jou in Thabazimbi geplant het. Dat Hy jou deel gemaak het van hierdie gemeente omdat Hy vir jou ’n spesifieke werkie het.



Hy het jou reeds toegerus met daai werkie. Hy het reeds vir jou alles gegee wat jy nodig het om dit te doen. Hy het jou so lief dat Hy voor die grondlegging van die aarde reeds elke fyn detail van jou beplan het. Hy het jou hier in die gemeente geplant met opgewondenheid dat jy Sy visie vir jou lewe gaan uitleef.

Is die Kerk se badkamers in die toestand wat dit is omdat jy nie jou praktiese vaardighede gebruik om die plek waar God jou geplant het in stand te hou nie? Loop die Kerk leeg omdat jy nie jou sosiale vaardighede wat God vir jou gegee het by die Kerk gebruik om ander te bemoedig of uit te vind hoe dit met hul gaan of hul te besoek nie? Voel jy daar is net ’n “Kliek” wat altyd alles doen en jy is nie welkom daar nie? Is dit werklik so dat jy nie welkom is nie of is dit ...omdat jy dink jy is nie goed genoeg om by hul standaarde te pas nie? Is jy dalk besig om hulle en jouself te oordeel? Het die Kerk geen jeug aktiwiteite nie omdat jy nie jou vermoë om met jongmense te werk gebruik nie? Is daar geen ondersteuning vir die gesinne wat deur moeilike gesondheidstoestande gaan omdat jy nie jou talent om lekker kos te maak in diens van die Kerk gebruik nie? Is die Doppermark “boring” omdat jy nie jou talent om “pret te genereer” gebruik tot eer van God in die Kerk waar Hy jou geplant het nie? Voel jy dinge word swak georganiseer? Het jy dalk die talent om te organiseer en jy is te bang om dit te gebruik?

Ek daag jou vandag uit om werklik stil te word by God en Hom te vra : Hoekom Hy jou in hierdie gemeente geplant het. Ek daag jou uit om visie te kry vir jou lewe. Dit hoef nie 20/20 visie te wees nie. God verwag nie perfeksie van ons af nie. HY SOEK JOU HART.



## Wat doen die kerkraad aan die dalende getalle in die kerk?

***Tjaart Coetzee***

Gereeld word daar met huisbesoek of in gesprekke met lidmate gevra wat die kerkraad gaan doen ivm die dalende lidmaat getalle. Soms word daar selfs beskuldigend aan die kerkraad gesê dat hulle nie hul opdrag uitvoer om die lidmaat getalle te laat styg nie.

Die "kerkraad " verwys natuurlik na die ouderling amp.
Wat is dan die werk/opdrag van 'n ouderling. Volgens die bevestigings formulier vir ouderlinge word hulle take /opdragte soos volg uiteen gesit:

a. Moet die diens van regering en opsieners in die gemeente vervul deur die Bybel te gebruik as basis asook die gawes wat die Gees aan elkeen gegee het.

b. Die ouderlinge en predikant is gesamentlik verantwoordelik om die opdragte uit te voer.

c. Moet toesien dat alles volgens goeie orde geskied.

d. Moet toesien dat die Woord en sakramente gereeld en suiwer bedien word en heilig gehou word.

e. Moet toesig hou oor die ampswerk van die diakens, ouderlinge en predikant.

f. Moet die predikant bystaan met goeie raad.

g. Moet let op die leer en lewe van lidmate.

h. Moet alle gelowiges met raad en troos ondersteun.

i. Moet teen afvallige lidmate optree deur vermaning en tug.

j. Moet let op die leer en lewe van die predikant.

k. Moet die afvalliges en heidene tot bekering roep.



Punt *a-g* en *i-j* is gerig op die plaaslike gemeente maw die toesig en regeer taak in die gemeente waarin die Here die ouderlinge geplaas het. Punt *h* dien as herinnering dat alhoewel ons in verskillende gemeentes en kerkverband verdeel is daar net een ware kerk is nl die kerk van Jesus Christus en dat die ouderlinge 'n verantwoordelikheid het teenoor al die kinders van die Here. Punt *k* is die enigste opdrag wat ouderlinge ontvang buite die kerklike omgewing hetsy die plaaslike gemeente of die kerk wêreld wyd. Die opdrag is dan ook die een waarna die lidmate verwys tydens gesprekke oor die leegloop van die kerk. Hoe moet die kerkraad dan die opdrag uitvoer? Kan die kerkraad 'n evangelisasie kommissie aanwys en hulle taak om die opdrag uit te voer? Nee, ons het reeds in punt *b* hierbo bepaal dat almal gesamentlik verantwoordelik is vir die uitvoer van die opdragte. Die kerkraad kan wel die kommissie opdrag gee om leiding te neem, maar kan nie hulle verantwoordelikheid afskuif op 'n kommissie nie. Hulle ontvang elkeen individueel en gesamentlik die opdrag om die evangelie te verkondig van die Here. Is dit dan nou die uitsluitlike opdrag van die ouderlinge om die Woord te verkondig onder afvalliges en heidene? Nee, elke gelowige staan onder verpligting om die Woord en boodskap van Jesus Christus se dood en opstanding te verkondig. Ons lees byvoorbeeld daarvan in Hand 8 :4 wanneer die vervolging van gelowiges in Jerusalem begin: " Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so vêr as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig."

Ook in 1 Kron 16:23: "Sing tot eer van die Here, almal op aarde. Verkondig elke dag sy reddingsdade!" Die kerkraad het 'n verpligting om die gemeente toe te rus in die evangelisasie taak deur woord bediening, huisbesoek, bybelstudie toerustings geleenthede, ens. Hoe meet ons dan nou as gemeente ons sukses, in getalle? Nee, in die feit dat ons die opdrag van God uitvoer het ons reeds sukses behaal. In evangelisasie werk ons met die getal een. In Lukas 10:10 staan:"Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer." Elke mens wat gered word is belangrik vir God. Elkeen wat toegevoeg word tot die getal van die gelowiges bring ons een

nader aan die wederkoms van Christus.  God het dit in sy alwysheid en grote genade so bewillig dat dit nie van ons afhang op 'n persoon gelowig word of nie In vraag en antwoord 21van die Heidelbergse kategismus leer ons van wat 'n ware geloof is, onder andere dat dit uit loutere genade deur God aan ons geskenk is.  Ons lees  in 1 Korintiërs  3:6 dat Paulus skryf:  " Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei." Ook met die totstandkoming van die eerste gemeente  (Handelinge 2: 43 tot 47) lees ons hoe die apostels die boodskap van die lyde  en opstanding van Jesus Christus verkondig het en Hand 2: 47b: "En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."Dit is dus die Here wat wat geloof skenk aan die wat Hy uitverkies het uit genade. Ons saai en die Here laat die saad ontkiem en groei. Alles goed en wel dit dek evangelisasie maar wat doen die kerkraad ivm die lidmate wat die kerk verlaat of afvallig raak?  Punt *i* van die opdragte is hier van toepassing. Die kerkraad moet eerstens deur vermaning en later deur die tug (Art 76 & 77 KO) die lidmaat terug lei na die gemeente. Ook is punt *k* hier van toepassing en moet ons die boodskap van Christus se lyde en opstanding aan die afvalliges verkondig, in dieselfde geloof dat God geloof sal skenk volgens sy wil. Ook moet ons kennis neem en bewus wees daarvan dat nie alle afvalliges gered/terug gewen kan word nie, in1 Tim 4:1 lees ons :"Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word."

**Wat is dan ons gevolgtrekking?**

Sukses in bediening en geloof word nie in getalle gemeet nie. Sukses word gemeet aan elke enkele gelowige wat die Here tot die gemeente toevoeg. In 2 Tim 4: 2 beveel die Here: "verkondig die Woord hou daarmee vol, tydig en ontydig,weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee" want sê die Here in vers 3: "daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Maar sê die Here vir ons in vers 5: "Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit."Ons moet ons bepaal by die opdrag wat ons ontvang het nl. die verkondiging van die Woord van die Here in die geloof dat hy sal toevoeg tot die gemeente die wat hy daartoe in sy raadsplan bestem het.



# *Visie van die Ouderlinge of eerder, opdrag as Ouderlinge*

As Ouderling is dit moeilik om 'n visie vir die jaar of vir die toekoms te hê. Ons het opdragte wat uitgevoer moet word soos dit saamgevat is in die Kerkorde en bevestigings formulier.

As ons 'n visie sou hê, sal dit moet wees om ons opdragte getrou uit te voer.

Om hierdie diens behoorlik te kan uitoefen is dit nodig dat die ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle oefen in die rykdom van die evangelie.

Ons moet toesien dat alles in die kerk volgens goeie orde plaasvind, ons moet let op die leer en lewe van ons lidmate en hulle met troos en raad ondersteun. Ons moet uitreik aan ons lidmate en ander en hulle tot geloof in Jesus Christus roep.

Ons moet saam met ons lidmate geestelik groei en die begeerte kweek tot onderlinge verbondheid en om elke geleentheid aan te gryp om ons in die Woord van Die Here te verdiep.

**Cornelis van Wyk**

## Ons krag en doel as gelowige gesante van Christus

***Philip Du Pree**z*

In die eerste hoofstuk van Handelinge is die apostels almal in Jerusalem. Jesus het so pas opgevaar en hulle is almal oorweldig deur die gebeure wat om hulle plaasgevind het. Hulle het leiding nodig oor wat volgende moet gebeur. God is ‘n genadige God en Hy stort Sy Gees oor hulle om hulle te vertroos en ook vir hulle rigting in die lewe aan te dui. In die kort stukkie kom daar 4 belangrike punte na vore. Dit is ook baie relevant in vandag se tye. Die aanslag van die wêreld op die gelowiges is oorweldigend en ons kan so maklik verlore voel. Ons toekoms lyk soms rigtingloos, met ons finansies gaan dit beroerd, ons verhoudings is op mespunte en alles wat ons probeer wil net nie werk nie. In die eerste paar verse van Handelinge kry ons dieselfde vertroosting as wat die apostels 2000 jaar gelede gekry het.

**Handeling 1:1-8**

My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van Sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het.



Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.” Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?” Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

1:‘**n Nuwe oorweldigende gesag deur wie ons lewe word aangekondig.**

Jesus is lewend en Hy is die Heerser

Die Romeinse ryk is groot, maar is tydelik en wêrelds.

Christus se ryk is ewig

Alle Christene leef onder die ewige gesag van Christus

**2: ‘n Duidelike en allesoor koepelende opdrag**

Ons is lewend in Christus

Ons het genade ontvang

Ons het krag ontvang

Ons het ‘n opdrag ontvang om God se naam na alle nasies in die wêreld uit te dra.

Dis nie ‘n maklike taak nie. Daar sal weerstand in ‘n vyandige wêreld wees. Al die apostels in Handelinge het geweldadige dood gesterf.

**3: <u>Daar is 'n altyd teenwoordige en effektiewe hulp</u>**

Ons het 'n bonatuurlike krag nodig om die opdrag uit te voer.

Ons moet nie oorhaastig optree nie.

Ons moet wag vir die geskenk van God.

Ons kry die Heilige Gees wat vir ons krag en leiding gee om ons opdrag uit te voer.

Die Heilige Gees is 'n gawe wat ons van God kry en ons moet voortdurend bid dat Hy Sy Gees oor ons sal stort om vir ons krag en leiding in God se diens en ook in ons persoonlike lewe te gee.

Ons moet deurlopend daarop fokus om ons kennis van die woord van God uit te brei. Dit doen ons deur die eredienste by te woon, bybelstudie, huisgodsdiens, persoonlike bybelstudie, gebed en katkisasie vir ons kinders.

**4: <u>Verenig almal in die liggaam van Christus.</u>**

Die uitkoms en die doel waarna ons moet streef is om alle nasies te verenig in die Liggaam van Christus. Elkeen van ons moet as dissipels van Jesus sy opdrag om sy evangelie uit te dra uitvoer. Ons moet altyd eers in ons eie huise begin en dit daarna al verder uitbou. Om dit te doen moet ons eie lewens altyd onberispelik wees en ons moet ten alle tye ons Christenskap ten volle uitleef. Dit kan ons slegs doen deur die krag van die Heilige Gees wat die Here as 'n gawe aan ons skenk.



# Nuus uit die gemeente



***Jeremia 31:21***

***Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan, hou jou oog op die grootpad,***
***op die pad wat jy moet loop. Kom terug Israel, kom terug na jou stede toe.***

# Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:

- Ria Kramer - 84 jaar – 30 Maart - 060 376 6654 Wyk Pionierspark
- Gys du Plessis - 83 jaar - 10 April - 083 326 9393 wyk Leeupoort

***Van harte geluk! Mag u elke dag in u nuwe lewensjaar God se seën vol van genade, gesondheid, geluk en vrede ervaar.***



# Attestate

## Hartlik welkom aan nuwe intrekkers

***Met attes aangesluit***

- Sr. Rita van Wyk gebore Cromhout, vanaf GK Matlabas, wyk Nooitgedacht.

***Opgeneem***

- Br. Gabriël Willem (noem Gawie) Diedericks, wyk Swartklip.



# In Herinnering

## *Petrus Jacobus Joubert*

***24 Februarie 1976 –13 November 2019***



## *Afskeidsbrief*

Van die Gewer van alle lewe het ons ontvang die gawe van ons

geliefde, toegewyde seun, broer, oom en vriend.

Geliefdes kom en gaan, maar hul mooi herinneringe bly bestaan en so sal sy plek altyd leeg wees in die harte van elkeen wat hom geken het. Ons lewens is armer sonder hom, maar ons dank ons hemelse Vader vir sy lewe en voorbeeld van dankbaarheid.

Ons, wat agterbly met gebroke harte, berus dat sy swaarkry verby is en treur nie sonder hoop nie, maar verheug ons in die wete dat ons eendag weer sal saam wees.

Baie van ons sal hom onthou as 'n persoon wat altyd bereid was om almal te help. Niks was ooit vir hom te veel moeite nie. Ek as sy suster sal hom onthou hoe ons altyd toe ons nog baie klein was baklei het wie saam Pappa voor by die diakensbank mag sit, want dan kry ons pienk diaken pilletjies. Hy was lief vir die buite lewe en as hy kon het hulle gaan kamp. Sy vrou Maria is ook net vir 'n kort rukkie aan hom en ons geleen. Hy het die tyd wat hy saam Maria was elke oomblik die beste gemaak. Hy het na ons pa Kobus se afsterwe die koster rol oorgeneem. Hy was altyd betyds om oop te sluit en gedoen wat van hom verwag word. Jou plekkie is nou leeg Boeta.

Rus in vrede Boeta………Met liefde vir ewig



## **Diaken verslag**

Diakonie Verslag 16 Februarie 2020

Soos ons almal weet is die diakonie se werk binne die gemeenskap van die gelowiges van uiterste belang. Ons sien maandeliks om na ons medemens binne sowel as buite ons eie gemeente. In die afgelope 3 maande het ons al meer geleenthede gehad om ons liefdegawes aan te wend in ons gemeente sowel as ons gemeenskap. Ons wil ons dank aan die Here uitspreek dat Hy ons lidmate maandeliks lei om 'n bydrae te lewer wat wel onsigbaar vir meeste maar wel sigbaar vir ons behoeftiges is.

Ons maandelikse uitgawes wissel die afgelope kwartaal tussen R12 000 en R16 000 waarvan 99% daarvan aan behoeftige mense binne ons gemeente hulp verleen word. Die diakonie wil alle lidmate bedank vir die liefdegawes wat op so 'n wyse maandeliks aan ons geskenk word dat alles eintlik PERFEK uitwerk.

Tjek rekening saldo op 10 Februarie 2020:

R110,380.13

Soos die bogenoemde syfers aandui word ons maandeliks ryklik geseën. Ons vra dat die gemeente ons asseblief in kennis sal stel indien hulle van enige behoeftige mense in ons gemeente bewus is wat sal baat by hulp wat ons as diakonie kan bied. Die diakonie kon ook verlede kwartaal ons Jeugkamp se kostes dek om sodoende ook ons jeug in hulle geloofsgroei te ondersteun.

## Diakonie se VISIE vir 2020

***Andries Buys***

Ons wil graag daarop fokus om ons gemeentelede sowel as die gemeenskap te kan ondersteun maar ook met die hulp van al ons gemeentelede sodat ons as een liggaam kan saamwerk. Daarom vra ons ook dat indien enige lidmaat aan projekte kan dink waarby ons betrokke kan raak of selfs kan begin die diakonie sal skakel. Die diakonie het gereeld hande nodig om ons by te staan en ons glo dat die Here ons sal aanhou seën met die hulpbronne wat ons mildelik in Sy naam kan uitdeel.

Dit is ook elkeen van ons se individuele plig om om te sien na ons naaste daarom vra ons van die Here om ons oë te open en die geleenthede raak te sien.

Enige bydra tot die diakonie se fondse is tot seën vir ons as diakonie en die dienswerk wat ons daarmee verrig.

Vir enige verdere inligting rondom die diakonie se werksaamhede kontak ons asb. gerus.

**ABSA Thabazimbi (334-346) 1580280001**





# Susters



### *Die badkamers*

Ons het vier badkamers op die terrein maar wil graag begin met die dames badkamer.

Ons wil die gebreekte sitplek herstel en die toilet regmaak.
Ons wil ook graag bietjie verf . Nuwe handdoeke , prente en asblikke insit.

Indien jy kreatief is of net handig sal dit baie lekker wees as jy kan deel word van hierdie span. Vele hande maak gesellige werk.
Wanneer ons saamwerk leer ons mekaar ken en so bou ons aan die intimiteit van ons gemeente.

***Hou asb die Herout dop vir kennisgewings rondom die lekker saamwerk sessie!***

***Handwerk kuier***

Die Susters beplan om 'n lekker handwerk kuier sessie elke tweede week te hou in die Kerksaal.

Almal bring hul handwerk en kuier lekker saam. Handwerk kan jou inkleurboek, foto plakwerk...enige kunsvorm insluit. Daar is geen reëls oor wat jy bring om te doen nie. Die idee is om lekker saam te kuier en by mekaar te leer. Indien jy twee linkerhande het, is jy welkom om net te kom sit en kuier. Vul asb. jou naam op die lys by die glaskas in en watter tyd jou sal pas. Of kontak Ilona 084 510 2193

# *Vroue Bybelstudie*

***Vanaf 18 Februarie 2020 sal daar elke Dinsdag om 10:00 ’n vroue Bybelstudie wees*.**

Die Bybelstudie sal weekliks by ’n ander suster aan huis wees. Hierdie is ’n Geestelike verrykende geleentheid vir elke dame wat ’n “rekbare” program het. SMS Bel of WhatsApp vir Ilona of Daleen vir verdere inligting.


18 Februarie se byeenkoms is by Sterlitziastraat 26. Stuur asb ’n boodskap as jy wil inval. Vervoer kan gereël word. Ons sien uit om jou daar te sien. Ilona 084 510 2193 Daleen 082 552 1283





# Kreatiewe Hoekie

## Hier is stap vir stap hoe om ’n perfekte oog te teken



# Grapkas

**Die volgende grappie is deur Tannie Anna Scheepers ingestuur. Sy het dit elders gekry. Ons leer by Tannie dat ons nooit moet ophou lag nie.**

***Pas op vir die Boere***

Donald Trump sit in sy kantoor en wonder watter land hy volgende moet aanval toe sy telefoon lui.

“Howzit Trump” This is Koos van der Merwe here from the Dorgingboom bar in Welkom, South Arica. I am ringing to inform you that we are officially declaring war on you  Boet! “ sê Koos in gebroke Engels.

“ Well Koos” trump replied, “ This is indeed important news. How big is your army?”

“ Right now “ said Koos, after a moment of calculation, “there is myself, my cousin Jan, my next-door neighbour, Lang Hannes, and the entire darts team from the pub. That make eight of us!”

Trump paused .” I must tell you , Koos that I have a million men in my army, waiting to move on my command.”

“ Blikkiesfontein” said  Koos. “ Ill have to ring you back.”

The next day Koos called again.

“ Trump my China, the war is still on. We have managed to acquire some infantry equipment”

“And what equipment would that be Koos? Trump asked.

“Well we have four Hilux double cabs, two kombi’s an old Case bulldozer and a John Deere tractor.”



Trump sighed. “ I must tell you Koos, that I have 16,000 tanks . Also I ‘ve increased my army to 1,5 million since we last spoke.”

“Liewe Erdvark”, said Koos. I’ll have to get back to you.”

Koos rang again the next day. “Trump ou swaar, the war is still on. We have managed to get us airborne! We’ve modified Doepies ultra light with a couple of shotguns in the cockpit, and four okes from the Virginia Hengelclub have joined us as well.

Trump was silent for a minute and then cleared his throat.

“I must tell you Koos, I have 20,000 fighter planes. My military complex is surrounded by laser-guided surface-to-air missile sites. And I increased my army to two million.”

“Slaat my dood!” said Koos.  I’ll have to ring you back.”

The next day Koos called again.

“Yes ,Yes Trump. I am sorry to tell you we’ve had to call off the war.

“ I am sorry to hear that “ said Trump. “ Why the sudden change of heart?”

“Well “ SAID Koos, we all had a long chat over some klippies and coke, and decided there’s no way we can feed two million prisoners of war!”

**NOU DIT IS WAT EK VISIE NOEM!**

# Interessante Feite oor ons oë

